BEELD, 12 JULIE 1999



**BOEKE-BEELD**

onder redaksie van **Elfra Erasmus**
eerasmus@beeld.com

# Jonker gee perspektief op NG Kerk se geskiedenis

## Belig ook eie 'pyn van verwerping'

James Kirkpatrick

***Selfs die kerk kan verander*** deur **Willie Jonker**. Tafelberg, R69,95. ISBN 0 624 03732 0

In die voorwoord van 'n huldigingsbundel ter ere van prof. W.D. Jonker op sy sestigste verjaarsdag skryf die redakteurs soos volg oor Jonker: "Daar word reeds baie jare lank in Suid-Afrika met aandag na Willie Jonker geluister. Daarvoor bestaan daar goeie rede. Sy bekwame beheersing van Afrikaans, die waardigheid van sy persoon en die meesleurende krag van sy betoog kan nie onopgemerk verbygaan nie."

In *Selfs die kerk kan verander* vertel Willie Jonker sy storie. Dit is 'n storie van 'n sterk biografiese aard, want dit is per slot van sake sý storie. Tog is die verhaal van Willie Jonker so verweef met dié van die kerk dat dit ten diepste die verhaal is van die kerk en meer spesifiek die NG Kerk se worsteling om haarself los te maak daarvan om 'n eksklusiewe blanke volkskerk te wees.

Dit is al die moeite werd om dié geskrif te lees om die méns beter te waardeer, maar die waarde van die boek lê by die perspektief wat dit op 'n stuk geskiedenis van die NG Kerk bied – van 1955 tot 1995.

Veertig jaar is 'n lang tyd – veral as jy probeer het om profeet te wees in die tyd van die ooms. Dit is nou die tyd toe leiersfigure soos oom Koot Vorster en oom Kosie Gericke se woord groot gewig in die kerk gedra het.

Jonker wy 'n hele hoofstuk aan wat hy noem die "pyn van verwerping". Die betwyfeling van sy lojaliteit, die intimiderende aard van die groepsdenke wat in die kerk geheers



het en die wantroue deur medepredikante en ook familie is dinge wat die lewe vir 'n andersdenkende moeilik gemaak het. Tydens sy verblyf in Pretoria het sy tuisgemeente nie eens kans gesien om hom as kategeet te gebruik nie!

Jonker deel sy persoonlike perspektief op belangrike gebeure in die kerk se geskiedenis wat hy self meegemaak het. Hieronder is die gebeure ná Cottesloe, die verskillende deurslaggewende sinodes van 1974 tot 1994 en die Rustenburg-beraad van November 1990.

Hy gee ook belangrike agtergrondinligting wat kan help om die optrede van individue te begryp. Só bespreek hy byvoorbeeld Beyers Naudé se rol by die Christelike Instituut en Johan Heyns se bydrae as moderator van die Algemene Sinode van 1986.

Jonker bly oortuig daarvan dat "die strategie van ons wat binne die kerk gebly en dáár vir verandering gewerk het korrek was. Die vraag is of die agente vir verandering binne en buite die NG Kerk mekaar nie aangevul het nie. Was die een nou noodwendig reg en die ander verkeerd?"

Jonker vertel van sy worstelings en uiteindelik ook sy keuses ten opsigte van wat hy noem sy "teologiese selfstandigheid en vryheid om 'n profetiese funksie te vervul". Hy verduidelik waarom hy nóg by die Broederbond nóg by swart politieke aspirasies betrokke wou raak. Hy was ook "van die begin af baie steeks" om deel van 'n teologiese advieskomitee vir P.W. Botha te wees en het hom ná een ontmoeting met Botha aan die komitee onttrek.

Die boek is met soveel eerlikheid geskryf dat dit jou dwing om end-uit te luister. Met argumente kan jy nog stry, en hy voer selfs 'n paar aan waaroor verder gepraat kan word, maar as iemand soos Willie Jonker sy storie van die kerk vertel, kan 'n mens gerus luister. Daar bestaan goeie rede daarvoor. Dit sal jou help om die veranderings in die NG Kerk se standpunt ten opsigte van die verhouding tussen kerk en samelewing uit 'n teologiese hoek te bekyk.

Uiteindelik gaan dit oor 'n saak wat veel groter as die NG Kerk is – die rol van die kerk in 'n komplekse samelewing soos dié van Suid-Afrika. Tog jammer dat Jonker dit nie wou waag om meer oor die kerk se rol op die pad vorentoe te skryf nie. In die epiloog maak hy 'n paar opmerkings daaroor. Dit is te min.

Dit is nou een keer wat die dominee te gou amen gesê het.

**jdkirk@mweb.co.za**

● *Dr. James Kirkpatrick is predikant in die NG gemeente Suidoos-Pretoria.*